

Donderdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 15:7-14, 25-29; 16:5-12

Fokusgedeelte: 2 Samuel 15:25-26; 16:10

Rus, my siel, jou God is Koning!

Daar is seker geen dieper seerkry as die seerkry wat jou kind jou aandoen nie! Dawid beleef dié onbeskryflike hartseer van sy eie seun wat teen hom in opstand kom. Onder dekmantel van 'n gelofte wat Absalom aan die HERE sou gedoen het (15:7), nooi hy 200 onskuldige manne uit Jerusalem (15:11) asook Agitofel, die gesoute raadgewer van Dawid (15:12) na Hebron.

Absalom kies die plek vir sy staatsgreep met lis. Dawid is in Hebron tot koning gesalf (2:3, 4). In die hartland van Dawid se ondersteuning – daar val Absalom sy pa aan. Magsugtige ambisie is die swaard waarmee Absalom sy pa se hart deurboor!

Dawid vlug! Sy liefde vir sy seun weerhou hom van 'n geveg. Sadok en die Leviete vat die verbondsark om saam met Dawid te vlug (15:24). Hy stuur hulle terug, want die HERE se saamgaan as Koning is nie aan die verbondsark vasgebind nie. Hy is Koning – oral en altyd! Daaruit kry Dawid sy troos.

By Bahúrím word Dawid se vertroue op die HERE getoets. Simeï, uit die familie van Saul, vloek hom (16:5, 6). Sy getroue dienaars wil Simeï se kop afkap. Maar Dawid kéér. As sy eie seun hom wil doodmaak, hoeveel méér rede het Saul se familie nie om hom te haat nie? En sê nou net die HERE het Simeï gestuur om Dawid te vloek? Dawid se vertroue in die HERE hou hom staande! Al verstaan hy nie wáárom Simeï hom so vloek nie, hy glo: Die HERE weet – en dit is vir hom genoeg!

Antwoorde op die waaroms bring nie rus nie! Rus kom deur vertroue in God se Koningskap. Hy weet wat Hy doen. Deur Christus regeer Hy oor alles en almal. Sy heerskappy is 'n genadige heerskappy. Dit bring rustigheid in die dieptes van hartseer en worsteling. Die skroeiende hitte in die smeltkroes van lyding laat die suiwer gouddruppels van geloof uitkom.

Rus, my siel, jou God is Koning! Hy wéét wat Hy doen!

Sing: Psalm 42-1:1, 3

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)